Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

PUNTE-TOTAAL

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

WISKUNDIGE GELETTERDHEID: VRAESTEL I

EKSAMENNOMMER

Tyd: 3 uur 150 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES EN INLIGTING NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit:
   - 24 bladsye.
   - 5 vrae.
2. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
3. Beantwoord AL VYF vrae.
4. Beantwoord AL die vrae in die spasie wat in hierdie vraestel voorsien word en lewer dit aan die einde van die eksamensessie in.
5. 'n Niegrafiese, nieprogrammeerbare sakrekenaar mag gebruik word.
6. AL die nodige berekeninge moet duidelik getoon word.
7. Meeteenhede moet ingesluit word waar toepaslik.
8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
9. Diagramme is nie noodwendig op skaal geteken nie.
10. TWEE blanko bladsye (bladsy 23 en 24) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Gebruik hierdie bladsye indien jy te min spasie vir 'n vraag het. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik. Jy mag hierdie bladsye ook vir ekstra berekeninge of rofwerk gebruik.

Vraag	1		2		3		4		5		Totaal	
	Nasiener	Mod.	Nasiener	Mod.	Nasiener	Mod.	Nasiener	Mod.	Nasiener	Mod.	Nasiener	Mod.
Punt												
Handte-kening												
Totaal	35		29		30		28		28		150	

IEB Copyright © 2022

VRAAG 1

1.1 Michael is 'n entoesiastiese fotograaf wat sy eie fotografiese onderneming wil begin. Hy oorweeg dit om die volgende kamera te koop:

Kry dit op krediet
Deposito: R850
R306 p.m. × 42
Rentekoers @ 17,5% p.j.

Kontantprys
R8 499 per stel



[Bron: <https://eezipage.com/reader/?code=f2rqeepley>]

Gebruik hierdie inligting om die vrae wat volg te beantwoord.

1.1.1 Skryf die kontantprys vir hierdie kamera neer.

_____

_____

(2)

1.1.2 Gee die maandelikse paaiementbedrag indien dit op krediet gekoop word.

_____

_____

(2)

1.1.3 Gee die krediettydperk vir die geadverteerde kamera in jare.

_____

_____

(2)

1.1.4 Bereken die totale koste van hierdie kamera indien dit op huurkoop gekoop word.

_____

_____

_____

(2)

1.1.5 Identifiseer die tipe rente wat op die huurkoop toegepas word.

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2022

1.2 Michael ontvang $650 as 'n geskenk van sy oom vir sy verjaardag. Dit beloop R8 989,50 wanneer dit in Suid-Afrikaanse rand omgeskakel word. Hy sal hierdie geld gebruik om die kamera te koop. Sy oom deponeer die geld in Michael se Discovery Bank-rekening.

Die tabel hieronder toon die transaksiefooie vir Discovery Bank.

Transaksiefooie	
Kontantonttrekking by 'n plaaslike OTM	R4,50 + 1,5% van onttrekkingsbedrag
Geldeenheidomsettingsfooi op die bedrag geruil	2,75%

[Aangepas uit: <https://www.discovery.co.za/bank/discovery-transaction-fees-one-monthly-fee>]

Gebruik hierdie inligting om die vrae wat volg te beantwoord.

1.2.1 Verduidelik die betekenis van die woord "transaksiefooie" in hierdie konteks.

(2)

1.2.2 Bereken die geldeenheidomsettingsfooi vir $650 in Amerikaanse dollar.


(2)

1.2.3 Bereken die kontantonttrekkingsfooi indien Michael R8 500 uit sy rekening onttrek in rand.

(3)

IEB Copyright © 2022

1.3 Michael is van mening dat sy transaksiefooie te hoog is. Hy kry die volgende grafiek wat die fooie vir die onttrekking van R500 by verskillende banke in Suid-Afrika vergelyk:



[Bron: <https://businesstech.co.za/news/wp-content/uploads/2020/12/2021-Withdrawal-fee>]

1.3.1 Vul op die grafiek geskikte etikette in vir die horisontale (a) en vertikale (b) as.

(2)

Gebruik die grafiek hierbo om die vrae wat volg te beantwoord.

1.3.2 Dui aan hoeveel dit sal kos om R500 by Nedbank te onttrek.

_____

(2)

1.3.3 Gee die naam van die bank wat die hoogste onttrekkingsfooi vra en skryf die koste neer om R500 te onttrek.

_____

(2)

1.3.4 Gee die naam van die bank wat die laagste onttrekkingsfooi vra en skryf die koste neer om R500 te onttrek.

_____

(2)

IEB Copyright © 2022

1.3.5 Skryf die mediaanfooi van al die banke neer om R500 te onttrek.

_____

(2)

1.3.6 Gee die modale fooi van al die banke om R500 te onttrek.

_____

(2)

1.4 Michael wil graag sy nuwe kamera in die buitelug toets. Hy gebruik die weervoorspelling hieronder vir die tydperk 28 Mei tot 4 Junie 2021 om hom te help om die ideale dag te kies.

Vry 28	**17°**/13°	Ligte reën	73%
Sat 29	**17°**/10°	Oggendbuie	59%
Son 30	**19°**/11°	Meestal sonnig	19%
Maan 31	**15°**/11°	Reën/Donderweer	86%
Dins 01	**16°**/11°	Oggendbuie	47%
Woens 02	**17°**/10°	Gedeeltelik bewolk	23%
Don 03	**20°**/11°	Sonnig	6%
Vry 04	**21°**/10°	Meestal sonnig	4%

Gebruik die inligting hierbo om die vrae wat volg te beantwoord.

1.4.1 (a) Gee die waarskynlikheid van reën op Donderdag 3 Junie.

_____

(2)

(b) Merk die blokkie wat die waarskynlikheid van reën op Vrydag 4 Junie die beste beskryf.

☐ Gelyke kans

☐ Onwaarskynlik

☐ Hoogs onwaarskynlik

(2)

1.4.2 Dui aan watter dag (sluit die datum en die maand in) die hoogste persentasiekans op reën gehad het.

_____

(2)

[35]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 2

2.1 Die tabel hieronder lys die tien rykste Afrikane in 2021 (in Amerikaanse dollars). Boaan die lys is Aliko Dangote, eienaar van die grootste konglomeraat in Wes-Afrika. Hy het 'n netto waarde van R220 miljard.

Naam	**Ouderdom**	**Land**	**Netto waarde**
Nassef Sawiris	59	Egipte	$5,6 miljard
Aziz Akhannouch	59	Marokko	$3,5 miljard
Abdulsamad Rabiu	60	Nigerië	$3,1 miljard
 Aliko Dangote	63	Nigerië	$13,5 miljard
Naguib Sawiris	66	Egipte	$5,34 miljard
Mike Adenuga	67	Nigerië	$7,7 miljard
Johann Rupert	70	Suid-Afrika	$6,64 miljard
Mohamed Mansour	72	Egipte	$3,3 miljard
Nicky Oppenheimer	75	Suid-Afrika	$6,53 miljard
Issad Rebrab	76	Algerië	$7,5 miljard

[Aangepas uit: <https://www.businessinsider.co.za/the-15-richest-people-in-africa-ranked>]

Gebruik die inligting hierbo om die vrae wat volg te beantwoord.

2.1.1 Skryf die dollarwaarde van Naguib Sawiris se netto waarde in woorde.

_____

_____

_____

(2)

2.1.2 Skryf R220 miljard volledig uit as 'n getal sonder die woord "miljard".

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2022

2.1.3 Herrangskik die lys in dalende volgorde van netto waarde.

Naam	**Ouderdom**	**Land**	**Netto waarde**

(2)

2.1.4 Gebruik mnr. Dangote se netto waarde en bereken die rand-tot-dollar-wisselkoers afgerond tot vier desimale plekke.

Skryf jou wisselkoers in die vorm R1 : $ _____

(4)

2.1.5 Bereken Aliko Dangote se netto waarde as 'n persentasie van die totale netto waarde van die tien rykste Afrikane.

(3)

2.1.6 Bereken die variasiewydte van die tien rykste Afrikane se ouderdomme.

(2)

IEB Copyright © 2022

2.1.7 Bepaal die waarskynlikheid dat een van die tien rykste Afrikane van Nigerië af kom in desimaalvorm.

(3)

2.2 Aliko Dangote is die voorsitter en stigter van die Dangote Group, die moedermaatskappy van die grootste sementprodusent in Afrika – Dangote Cement. Hy besit verskeie luukse motors, waaronder 'n Bugatti Veyron ter waarde van $2,2 miljoen.



[Bron: <https://naijauto.com/market-news/the-pricey-car-collection-of-billionaire-aliko-dangote-392>]

Die tabel hieronder toon die omsettingskoers vir die Nigeriese naira (₦) in die Amerikaanse dollar.



[Bron: <https://www.google.com/search?q=dollar+vs+naira>]


Gebruik die inligting hierbo om die vrae wat volg te beantwoord.

2.2.1 Volgens GoCompare.com verdien hy ₦14,5 miljoen per dag. Gebruik die wisselkoers om te bereken hoeveel volle dae dit hom sal neem om genoeg geld te verdien om vir sy Bugatti Veyron te betaal.

(5)

IEB Copyright © 2022

2.2.2 Die lyngrafiek hieronder toon Dangote Cement se aandeleprys oor 12 maande.



[Bron: <https://www.reuters.com/companies/DANGCEM.LG>]

Gebruik die grafiek hierbo om die vrae wat volg te beantwoord.

(a) Bereken die persentasietoename in die aandeleprys van Junie 2020 tot Mei 2021.

$$\text{Persentasietoename} = \frac{\text{Jongste prys} - \text{Oorspronklike prys}}{\text{Oorspronklike prys}} \times 100\%$$

(4)

(b) Dui aan watter enkele maand die grootste bestendige toename in die aandeleprys binne die maand getoon het.

Gee 'n moontlike rede uit die grafiek om jou antwoord te ondersteun.

(2)

[29]

VRAAG 3

3.1 Suid-Afrika is een van die prominentste wynproduserende lande in die Suidelike Halfrond. Die Suid-Afrikaanse wynbedryf beleef steeds wêreldwye jaar-tot-jaar-groei en wyn is nou die land se tweede grootste landbou-uitvoerproduk wat in 2020 4,3% of $13 miljard tot Suid-Afrika (SA) se BBP bygedra het.

Bruto binnelandse produk (BBP) *is die standaardmaatstaf van die waarde wat gedurende 'n sekere tydperk deur die produksie van goedere en dienste in 'n land geskep word.*

Die tabel hieronder toon SA se totale BBP (in miljarde Amerikaanse dollar) vir die tydperk 2011 tot 2019.

Jaar	Suid-Afrika se BBP in miljarde Amerikaanse dollar
2011	416,88
2012	396,33
2013	366,82
2014	350,9
2015	317,58
2016	296,27
2017	349,43
2018	368,14
2019	351,35
2020	---

[Aangepas uit: <https://www.wosa.co.za/>]

Gebruik die inligting hierbo om die vrae wat volg te beantwoord.

3.1.1 Bereken Suid-Afrika se totale BBP vir 2020 in Amerikaanse dollar.

(3)

3.1.2 Dui aan of die data in die tabel 'n voorbeeld is van diskrete of kontinue data. Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

IEB Copyright © 2022

3.1.3 Bereken SA se gemiddelde BBP-waarde vir die tydperk 2011 tot 2019.


(5)

3.1.4 Gebruik die tabel om die tendens in SA se BBP vir die tydperk 2011 tot 2019 te beskryf.

(3)

IEB Copyright © 2022

3.2 Die grafiek hieronder toon die verdeling van Suid-Afrikaanse wyntipes en versnitte.



[Bron: <https://www.wine-searcher.com/regions-south+africa?tab_F=mostpopular#winesortlist>]

Gebruik die grafiek hierbo om die vrae wat volg te beantwoord.

3.2.1 Noem die tipe grafiek wat geteken is.

_____

(2)

3.2.2 Bereken die persentasie vir Sauvignon Blanc.

_____

_____

_____

(3)

3.2.3 Bereken die grootte van die hoek vir die "ander"-sektor.

_____

_____

_____

(3)

IEB Copyright © 2022

3.3 Philip is 'n wynboer in die Wes-Kaap. Hy het 'n goeie oes en wynverkope gehad. Hy belê 'n deel van sy wins, R550 000, in 'n vastedeposito-rekening van drie jaar by Discovery Bank. Die tabel hieronder toon die rentekoers wat deur vier banke vir beleggings aangebied word.

Bank	**Rentekoers**
Discovery Bank	8,35% p.j.
First National Bank	8,00% p.j.
Capitec Bank	7,99% p.j.
Nedbank	7,51% p.j.

[Aangepas uit: <https://www.rateweb.co.za/money-advise/best-fixed-deposit-rates-in-south-africa>]

Gebruik die inligting hierbo om die vrae wat volg te beantwoord.

3.3.1 Gee EEN finansiële rede waarom Philip Discovery Bank gekies het om sy geld te belê.

(2)

3.3.2 Voltooi die tabel vir die vastedepositorekening van drie jaar by Discovery Bank. Die rente word jaarliks saamgestel.

Jaar	**Beginsaldo**	**Rente (in rand)**	**Eindsaldo**
2021	R550 000		
2022			

(5)

3.3.3 Inflasie in Suid-Afrika is tans op 4,4% p.j. Philip moet nuwe plaastoerusting koop wat in 2021 R560 000 werd is. Indien die inflasiekoers vir die volgende drie jaar onveranderd bly, sal hy aan die einde van 2023 genoeg geld uit sy vaste deposito hê om hierdie toerusting te koop? Verduidelik jou antwoord sonder om enige berekeninge te doen.



[Bron: <http://wieta.org.za/who-are-we/>]

(2)
[30]

VRAAG 4

4.1 Berg Kilimandjaro in Tanzanië is nie net die hoogste piek in Afrika nie, maar ook die hoogste vrystaande berg. Die kruin, genaamd Uhuru Point, is 5 895 meter bo seevlak. Rebecca beplan 'n reis na Tanzanië en het die volgende begroting opgestel:



Inkomste (Spaargeld)	**4.1.2**
Uitgawes (*Pryse sluit 15% BTW in)	
*Vliegtuigkaartjies en lughawebelasting	R6 910
*Visum vir Tanzanië	R600
*Reis- en mediese versekering	R431
*Begeleide Kilimandjarotoer van 11 dae (alle akkommodasie, etes en toerusting ingesluit)	R31 900
Sakgeld	R5 000
BTW betaal	**4.1.3**
Totale koste van reis	**4.1.1**
Surplus	R5 159

[Aangepas uit: <southafricaadventures.com/trekking-adventures/kilimanjaro-trekking>]

Gebruik die inligting hierbo om die vrae wat volg te beantwoord.

4.1.1 Bereken die totale koste van Rebecca se reis na Tanzanië.

(2)

4.1.2 Bereken Rebecca se inkomste- (spaargeld-) bedrag.


(2)

4.1.3 Bereken die totale bedrag BTW betaal.

(4)

IEB Copyright © 2022

4.2 Die volgende houer-en-punt-stipping verteenwoordig die verspreiding van die ouderdomme van die lede in die groep op die toer van 11 dae van Berg Kilimandjaro.



Gebruik die houer-en-punt-stipping hierbo om die vrae wat volg te beantwoord.

4.2.1 Skryf die minimum en maksimum ouderdom vir hierdie groep stappers neer.

(2)

4.2.2 Bereken die interkwartielvariasiewydte vir hierdie data.

(2)

4.2.3 Dui aan watter persentasie van die groep lê onder die boonste kwartiel.

(2)

4.2.4 Watter gevolgtrekking kan jy maak oor die ouderdomsamestelling van hierdie groep? Verwys in jou antwoord na die voltooide houer-en-punt-stipping.

(2)

IEB Copyright © 2022

4.3 Rebecca beplan om haar motor vir 11 dae by O.R. Tambo Internasionale Lughawe te los.

Sy kry die volgende parkeertariewe vir lang tye op hul webwerf:

O.R. Tambo Internasionale Lughawe			
Parkeerarea	**Getal dae***	**Totale tarief**	**Tariefverhoging**
Lang Tyd A	3 maksimum	R390	Nvt
Lang Tyd B	4 maksimum	R248	Nvt
Lang Tyd C	5	R310	R62 per bykomende dag

[Aangepas uit: <https://johannesburg-airport.co.za/long-stay-parking>]

*Enige deel van 'n dag word as 'n volle dag beskou.

Gebruik die inligting hierbo om die vrae wat volg te beantwoord.

4.3.1 Bereken die totale koste om 'n motor vir 11 dae by Lang Tyd C-parkering by O.R. Tambo Internasionale Lughawe te parkeer.


(3)

4.3.2 (a) Vergelyk met berekeninge die tarief per dag om 'n motor vir drie, vier en vyf dae by Lang Tyd A, Lang Tyd B en Lang Tyd C onderskeidelik te parkeer.

(4)

IEB Copyright © 2022

(b) Teken 'n trapgrafiek wat die totale koste toon om 'n motor vir 5 tot 11 opeenvolgende dae by Lang Tyd C-parkering te parkeer. Een van die trappe is vir jou geteken; voltooi die res.




(5)
[28]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 5

5.1 Siyabonga en Lerato is 'n jong paartjie wat 'n seun van 18 maande het. Babas moet gereeld ondersoek word. Siyabonga en Lerato neem hul seun, Andile, na die plaaslike kliniek.

Die verpleegster meet Andile se gewig as 11,4 kg.



IEB Copyright © 2022

Gebruik die inligting op bladsy 18 om die vrae wat volg te beantwoord.

5.1.1 Gebruik Andile se gegewe gewig om sy persentielposisie tydens sy ondersoek op 18 maande te bepaal.

(2)

5.1.2 (a) Gebruik die waardes van hul vorige besoeke wat in die tabel hiernaas getoon word en jou antwoord op **Vraag 5.1.1** om 'n grafiek te stip wat Andile se groei van geboorte tot 18 maande op die groeikaart op die vorige bladsy toon.

Ouderdom	**Gewig**
Geboorte	3,3 kg
3 maande	6,1 kg
6 maande	7,8 kg
9 maande	9,1 kg
12 maande	10,2 kg
18 maande	**5.1.1**

(3)

(b) Watter gevolgtrekking kan oor Andile se ontwikkeling gemaak word volgens die waardes wat in die tabel gegee word en waar hulle op die groeikaart lê?

(3)

5.1.3 (a) Indien 'n babaseun vanweë sy gewig en ouderdom op die 30ste persentiel lê, wat beteken hierdie meting? Watter advies sal 'n dokter vir die ouers van 'n kind op die 30ste persentiel gee?


(2)

(b) Waarom is dit vir ouers belangrik om bewus te wees van hul babas se ontwikkeling?

(2)

IEB Copyright © 2022

5.2 Siyabonga en Lerato beplan Andile se 2de verjaardagpartytjie. Hulle het drie moontlike plekopsies. Die grafiek hieronder toon die koste om elke plek te huur.



Gebruik die grafiek hierbo om die vrae wat volg te beantwoord.

5.2.1 Noem die vaste koste om The Kids Shack te huur.

_____

(2)

5.2.2 Wanneer sal The Kids Shack die goedkoopste opsie wees?

_____

_____

(3)

5.2.3 Verduidelik waarom die Party Hut-opsie 'n horisontale lyn is.

_____

_____

(2)

5.2.4 Bepaal die vergelyking vir Jump-4-Joy. Skryf die vergelyking in die vorm *Koste* = en gebruik die veranderlike *n* om die getal gaste voor te stel.

_____

_____

_____

(3)

IEB Copyright © 2022

5.3 Lerato moet haar jaarlikse inkomstebelasting bereken. Lerato verdien 'n belasbare salaris van R38 800 per maand. Sy is 29 jaar oud. SAID gebruik belastingtabelle om die bedrag belasting te bereken wat werknemers moet betaal.

MAANDELIKSE AFTREKKINGSTABELLE

Vergoeding			Jaarlikse ekwivalent	Belasting				Vergoeding			Jaarlikse ekwivalent	Belasting		
				Onder 65	65–74	Bo 75						Onder 65	65–74	Bo 75
R 35 529	-	R 35 579	R 426 648	R 7 063	R 6 379	R 6 151	#	R 38 079	-	R 38 129	R 457 248	R 7 904	R 7 220	R 6 992
R 35 580	-	R 35 630	R 427 260	R 7 078	R 6 395	R 6 167	#	R 38 130	-	R 38 180	R 457 860	R 7 922	R 7 239	R 7 011
R 35 631	-	R 35 681	R 427 872	R 7 094	R 6 411	R 6 183		R 38 181	-	R 38 231	R 458 472	R 7 940	R 7 257	R 7 029
R 35 682	-	R 35 732	R 428 484	R 7 110	R 6 427	R 6 199		R 38 232	-	R 38 282	R 459 084	R 7 959	R 7 276	R 7 048
R 35 733	-	R 35 783	R 429 096	R 7 126	R 6 443	R 6 215		R 38 283	-	R 38 333	R 459 696	R 7 977	R 7 294	R 7 066
R 35 784	-	R 35 834	R 429 708	R 7 142	R 6 458	R 6 230		R 38 334	-	R 38 384	R 460 308	R 7 995	R 7 312	R 7 084
R 35 835	-	R 35 885	R 430 320	R 7 157	R 6 474	R 6 246		R 38 385	-	R 38 435	R 460 920	R 8 014	R 7 331	R 7 103
R 35 886	-	R 35 936	R 430 932	R 7 173	R 6 490	R 6 262		R 38 436	-	R 38 486	R 461 532	R 8 032	R 7 349	R 7 121
R 35 937	-	R 35 987	R 431 544	R 7 189	R 6 506	R 6 278		R 38 487	-	R 38 537	R 462 144	R 8 051	R 7 367	R 7 139
R 35 988	-	R 36 038	R 432 156	R 7 205	R 6 522	R 6 294		R 38 538	-	R 38 588	R 462 756	R 8 069	R 7 386	R 7 158
R 36 039	-	R 36 089	R 432 768	R 7 221	R 6 537	R 6 309		R 38 589	-	R 38 639	R 463 368	R 8 087	R 7 404	R 7 176
R 36 090	-	R 36 140	R 433 380	R 7 236	R 6 553	R 6 325		R 38 640	-	R 38 690	R 463 980	R 8 106	R 7 422	R 7 194
R 36 141	-	R 36 191	R 433 992	R 7 252	R 6 569	R 6 341		R 38 691	-	R 38 741	R 464 592	R 8 124	R 7 441	R 7 213
R 36 192	-	R 36 242	R 434 604	R 7 268	R 6 585	R 6 357		R 38 742	-	R 38 792	R 465 204	R 8 142	R 7 459	R 7 231
R 36 243	-	R 36 293	R 435 216	R 7 284	R 6 601	R 6 373		R 38 793	-	R 38 843	R 465 816	R 8 161	R 7 477	R 7 249
R 36 294	-	R 36 344	R 435 828	R 7 300	R 6 616	R 6 388		R 38 844	-	R 38 894	R 466 428	R 8 179	R 7 496	R 7 268
R 36 345	-	R 36 395	R 436 440	R 7 316	R 6 632	R 6 404		R 38 895	-	R 38 945	R 467 040	R 8 197	R 7 514	R 7 286
R 36 396	-	R 36 446	R 437 052	R 7 331	R 6 648	R 6 420		R 38 946	-	R 38 996	R 467 652	R 8 216	R 7 533	R 7 305
R 36 447	-	R 36 497	R 437 664	R 7 347	R 6 664	R 6 436		R 38 997	-	R 39 047	R 468 264	R 8 234	R 7 551	R 7 323
R 36 498	-	R 36 548	R 438 276	R 7 363	R 6 680	R 6 452		R 39 048	-	R 39 098	R 468 876	R 8 253	R 7 569	R 7 341
R 36 549	-	R 36 599	R 438 888	R 7 379	R 6 696	R 6 468		R 39 099	-	R 39 149	R 469 488	R 8 271	R 7 588	R 7 360
R 36 600	-	R 36 650	R 439 500	R 7 395	R 6 711	R 6 483		R 39 150	-	R 39 200	R 470 100	R 8 289	R 7 606	R 7 378
R 36 651	-	R 36 701	R 440 112	R 7 410	R 6 727	R 6 499		R 39 201	-	R 39 251	R 470 712	R 8 308	R 7 624	R 7 396
R 36 702	-	R 36 752	R 440 724	R 7 426	R 6 743	R 6 515		R 39 252	-	R 39 302	R 471 324	R 8 326	R 7 643	R 7 415
R 36 753	-	R 36 803	R 441 336	R 7 442	R 6 759	R 6 531		R 39 303	-	R 39 353	R 471 936	R 8 344	R 7 661	R 7 433
R 36 804	-	R 36 854	R 441 948	R 7 458	R 6 775	R 6 547		R 39 354	-	R 39 404	R 472 548	R 8 363	R 7 679	R 7 451
R 36 855	-	R 36 905	R 442 560	R 7 474	R 6 790	R 6 562		R 39 405	-	R 39 455	R 473 160	R 8 381	R 7 698	R 7 470
R 36 906	-	R 36 956	R 443 172	R 7 489	R 6 806	R 6 578		R 39 456	-	R 39 506	R 473 772	R 8 399	R 7 716	R 7 488
R 36 957	-	R 37 007	R 443 784	R 7 505	R 6 822	R 6 594		R 39 507	-	R 39 557	R 474 384	R 8 418	R 7 735	R 7 507
R 37 008	-	R 37 058	R 444 396	R 7 521	R 6 838	R 6 610		R 39 558	-	R 39 608	R 474 996	R 8 436	R 7 753	R 7 525
R 37 059	-	R 37 109	R 445 008	R 7 537	R 6 854	R 6 626		R 39 609	-	R 39 659	R 475 608	R 8 454	R 7 771	R 7 543
R 37 110	-	R 37 160	R 445 620	R 7 555	R 6 872	R 6 644		R 39 660	-	R 39 710	R 476 220	R 8 473	R 7 790	R 7 562
R 37 161	-	R 37 211	R 446 232	R 7 573	R 6 890	R 6 662		R 39 711	-	R 39 761	R 476 832	R 8 491	R 7 808	R 7 580
R 37 212	-	R 37 262	R 446 844	R 7 592	R 6 908	R 6 680		R 39 762	-	R 39 812	R 477 444	R 8 510	R 7 826	R 7 598
R 37 263	-	R 37 313	R 447 456	R 7 610	R 6 927	R 6 699		R 39 813	-	R 39 863	R 478 056	R 8 528	R 7 845	R 7 617
R 37 314	-	R 37 364	R 448 068	R 7 628	R 6 945	R 6 717		R 39 864	-	R 39 914	R 478 668	R 8 546	R 7 863	R 7 635
R 37 365	-	R 37 415	R 448 680	R 7 647	R 6 963	R 6 735		R 39 915	-	R 39 965	R 479 280	R 8 565	R 7 881	R 7 653
R 37 416	-	R 37 466	R 449 292	R 7 665	R 6 982	R 6 754		R 39 966	-	R 40 016	R 479 892	R 8 583	R 7 900	R 7 672
R 37 467	-	R 37 517	R 449 904	R 7 683	R 7 000	R 6 772		R 40 017	-	R 40 067	R 480 504	R 8 601	R 7 918	R 7 690
R 37 518	-	R 37 568	R 450 516	R 7 702	R 7 018	R 6 790		R 40 068	-	R 40 118	R 481 116	R 8 620	R 7 936	R 7 708
R 37 569	-	R 37 619	R 451 128	R 7 720	R 7 037	R 6 809		R 40 119	-	R 40 169	R 481 728	R 8 638	R 7 955	R 7 727
R 37 620	-	R 37 670	R 451 740	R 7 738	R 7 055	R 6 827		R 40 170	-	R 40 220	R 482 340	R 8 656	R 7 973	R 7 745
R 37 671	-	R 37 721	R 452 352	R 7 757	R 7 074	R 6 846		R 40 221	-	R 40 271	R 482 952	R 8 675	R 7 992	R 7 764
R 37 722	-	R 37 772	R 452 964	R 7 775	R 7 092	R 6 864		R 40 272	-	R 40 322	R 483 564	R 8 693	R 8 010	R 7 782
R 37 773	-	R 37 823	R 453 576	R 7 794	R 7 110	R 6 882		R 40 323	-	R 40 373	R 484 176	R 8 712	R 8 028	R 7 800
R 37 824	-	R 37 874	R 454 188	R 7 812	R 7 129	R 6 901		R 40 374	-	R 40 424	R 484 788	R 8 730	R 8 047	R 7 819
R 37 875	-	R 37 925	R 454 800	R 7 830	R 7 147	R 6 919		R 40 425	-	R 40 475	R 485 400	R 8 748	R 8 065	R 7 837
R 37 926	-	R 37 976	R 455 412	R 7 849	R 7 165	R 6 937		R 40 476	-	R 40 526	R 486 012	R 8 767	R 8 083	R 7 855
R 37 977	-	R 38 027	R 456 024	R 7 867	R 7 184	R 6 956		R 40 527	-	R 40 577	R 486 624	R 8 785	R 8 102	R 7 874
R 38 028	-	R 38 078	R 456 636	R 7 885	R 7 202	R 6 974		R 40 578	-	R 40 628	R 487 236	R 8 803	R 8 120	R 7 892

[Bron: <https://www.sars.gov.za/tax-rates/employers/tax-deduction-tables>]

Gebruik die tabel op bladsy 21 om die vrae wat volg te beantwoord.

5.3.1 Bereken Lerato se jaarlikse inkomstebelasting.

(3)

5.3.2 Lerato kom in aanmerking vir 'n mediesefonds-belastingkrediet. Gebruik die tabel hieronder om haar totale krediet vir die jaar te bereken. Sy is die hooflid van haar mediese fonds. Haar man en seun is haar afhanklikes.

Mediesefonds-lid	Bedrag
Volwassene	R332 per maand
Volwasse afhanklike	R332 per maand
Bykomende afhanklike	R224 per maand

(3)
[28]

Totaal: 150 punte

IEB Copyright © 2022

BYKOMENDE SPASIE OM VRAE TE BEANTWOORD OF OM ROFWERK TE DOEN. ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG TE TOON DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022